3 ESTETIESE BEHANDELINGS WAARVAN JY MOET WEET

’n Estetiese behandeling met sigbare resultate en minimale pyn en newe-effekte – ja, asseblief! Dié gesigbehandelings maak tans die SARIE-skoonheidspan opgewonde

DEUR MONICA VAN DER WALT

GETOETS DEUR **MONICA**

VIR FERM, JEUGDIGE VEL

Growth Factor-Induced Therapy (GFIT) met die AQ Skin Solutions Skin Stamp

Met die AQ Skin Solutions Skin Stamp-behandeling word kragtige **groeifaktore** (proteïene wat die gesonde vernuwing en herstel van selle reguleer) aan jou vel gelewer. Tydens die behandeling wend ’n terapeut ’n mengsel wat groeifaktore bevat op jou vel aan en gebruik dan ’n stensil met honderde mikronaalde om fyn gaatjies in jou vel te druk. Só skep dit mikrokanale waardeur die groeifaktore doeltreffend in jou vel in kan penetreer. ’n Verdowingsmiddel word vooraf op die behandelingsarea aangesmeer omdat die proses pynlik is. Gelukkig duur die behandeling net sowat 15 minute vir jou hele gesig. Jy kan ná die tyd rooiheid verwag, wat binne ’n uur of twee sal kalmeer.

PRYS: Vanaf R2 250, by uitsoeksalonne en -klinieke. Besoek aqskinsolutionssa.com

VIR PLOMP, BEVOGTE VEL

Profhilo

Dié relatief nuwe behandeling word beskryf as ’n **inspuitbare vogroom**. ’n Baie hoë konsentrasie hialuroonsuur word op verskillende plekke onder die vel ingespuit, waarna dit mettertyd eweredig oor jou gesig versprei met die doel om jou vel langdurig te bevog. Dit verbeter ook die **volume en elastisiteit** van jou vel, sê dr. Jan Nel, estetiese dokter by CTDR Aesthetics in Kaapstad. Ná sowat een tot drie maande lyk jou vel merkbaar fermer en plomper, en die effek is tot ses maande sigbaar. Dis redelik pynloos, maar dit kan ’n dag of wat voel asof jou gesig ’n bietjie gekneus is op die plekke waar dit ingespuit is.

PRYS: Vanaf R4 500, by uitsoek- estetiese klinieke

VIR ONGEWENSTE VET

Ceccarelli

Sukkel jy met hardnekkige vet in jou gesig en nek? Die Ceccarelli-behandeling kan hiermee help. Dié inspuiting, ontwikkel deur ’n Italiaanse wetenskaplike, bevat ’n kombinasie van vitamien C, yster en ’n lokale verdowingsmiddel wat deur ’n fisiologiese proses **vetselle in ’n klein area vernietig**. Die mengsel is nie skadelik vir die vel of spiere nie, wat beteken minimale swelling en inflammasie word ná die tyd ervaar, sê dr. Nel. Die behandeling is veral gewild om bv. ’n dubbelken en vetsakkies onder jou oë te verbeter en vet rondom jou kakebeen en nek te verminder.

PRYS: Vanaf R1 550, by uitsoek- estetiese klinieke